



Die Rietfluit



Maandblad

Maart 2009

2009 is die jaar van herlewing

Geluk jy het die span gehaal!

Stel jou voor dat jy 'n jong man of meisie is wat nie regtig die geleentheid of fondse het om 'n beroespeler van rugby of tennis te word nie. Dan daag daar somer eendag die Springbok rugby-of tenniskeurder op en nooi jou om deel te word van die oefengroep en span. Wat sou jy doen? Natuurlik!, wie sou nie in ekstase wees nie.

Net so het Jesus opgedaag en Sy dissipels geroep. Hulle het geweet hulle is nie stoffasie vir die eerste liga nie. Destyds, as iemand 'n volgeling van 'n rabbi wou wees, het dit gewoonlik op veel vroeër ouderdom gebeur. Rabbi's het nooit werwing gedoen nie, net aansoeke ingewag. Buiten Jesus! Hy het na sondaars, tollenaars en vissers toe gekom en gesê: "Ek glo in jou!. Dit wat Ek weet sal Ek jou leer en dit wat Ek doen, kan jy ook doen". Geen wonder hulle het die nette net daar gelos en Hom gevolg nie!

Jesus het ons ook geroep en gekies vir Sy span. *Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle gekies en jul aangestel om uit te gaan en vrugte te dra (Joh 15:16)* Ons is lede van dieselfde span nl. die Christus-span! (Rom 12:5). Geluk jy het die span gehaal!

Jy is gekies om te speel! Jy is deel van Christus se span om te dien. HY wil deur jou gawe Sy gemeente en koninkryk bou. Dien met oorgawe en entoesiasme in Rietfontein-Suid! Jy is deel van die wenspan.

Saam in Sy diens!

Ds Leon van Heerden



Oase vir Ouers



Een van die magtigste gereedskapstukke wat ouers het om kinders se lewens te vorm, is ons woorde. Woorde kan bou of breek!

Bill Glass: As jy jou kinders uit die tronk wil hou, sorg dat hul geseënd is. Sê aan jou kind: ***Ek is lief vir jou. Ek dink jy is wonderlik en ek is bly jy is my kind.*** Hierdie liefde is sonder voorbehoud en sonder einde.

‘n Gelowige se woorde bemoedig ander en gee hulle moed vir die lewe (Spr 12:18 Boodskap).

Put jou bemoediging uit God se Woord sodat jy ander kan bemoedig (Romeine 15:4).

Ds Leon van Heerden

!! Onthou-Datums !!

- ◆ 6 Maart : Wêreldbiddag vir Vroue
- ◆ 7 Maart - 9:00: Dien-mekaar oggend by kerk
- ◆ 15 Maart: Gemente-tee (direk na erediens)
- ◆ 17 & 24 Maart: Netwerkkursus
- ◆ 20-22 Maart: Gesinsfees
- ◆ ● Vrydag 20ste – 19:00: Floris Knouwds
- ◆ ● Sat 21ste: Jeug en ouers-aktiwiteite
- ◆ ● So 22ste – 9:00: Leon Goosen
(sanger by erediens)
- ◆ ● So 22ste – 18:30: Jeug en “Praise & Worship”
- ◆ 27 Maart: Skole sluit



Floris Knouwds



Leon Goosen



Rietfontein-Suid Jeug



Die Gees van die Here is aan die werk met ons jongmense, en as ek dit in een woord moet beskryf, kom die woord "HERLEWING" by my op! Hoekom herlewing? Want dit beteken dat mense hulle harte op so 'n manier aan God toewy, dat hulle wegdraai van die verkeerde dinge wat in hul lewens teenwoordig was, en dat hulle met ywer aan God se Koningkryk bou!

Ons **jeugdienste** het gegroei van so 40 jongmense, tot so 200 wat dit op die oomblik bywoon. Ons **selgroepe** het van laasjaar Junie gegroei van 15 na 80 mense; sommige het daar ingestap en nie die Here geken nie, maar die een ding wat ons nou almal in gemeen het, is dat ons harte vir die Here brand! Almal staan 'n bietjie van hulle tyd af en gee hul beste vir die Here; daarom kan ons 1 keer per maand 40 mense saamvat op 'n **uitreik**, waar ons omgee vir mense wat minder bevoorreg as ons is. Ons het 1 keer per maand ook 'n **social** ('n kuier) waar ons aan ons vriendskapsbande bou; soos ons yskaats aan die begin van Februarie waar ons 71 jongmense saamgevat het!

Leen 'n kind se "Naamloos" vir 'n paar minute om 'n beter prentjie van ons bedrywighede te kry; of kom loer gerus ook een Sondagaand by 'n jeugdies in, en kom deel saam met ons jongmense in lofprysing en aanbidding; sonder hindernisse, sonder vooroordele, en sonder enige iets wat ons terughou! Prys die Here!

Louis Scheepers

gesinsfees

en JEUG
PRAISE AND WORSHIP
So 22 Mrt - 18:30

NG Rietfontein-Suid
h/v Ben Swartstr & 16de laan

VRYDAG 20 MAART: **Neem jou huwelik van GOED na GREAT!!**
Floris Knouwds - 19:00

SONDAG 22 MAART: **Gesinsdiens** - Leon Goosen (sanger) - 09:00

sluit af met

Jeug Praise & Worship

SONDAG 22 MAART – 18:30

GEEN KOSTES - SLEGS DONASIES
KINDERPROGRAM GEREËL VIR ELKE DAG

Navrae: Bertus 012 331 4972 / 082 532 4097 altheron@iafrica.com
Carel 079 436 6826 carelyn@africon.co.za



OORDENKING

(Lees: 1 Korintiërs 12: 12-31)

DIEN MET JOU GAWE/S IN DIE GEMEENTE. DIEN SAAM MET ANDER IN EN VANUIT DIE GEMEENTE.

Die Here gee aan elkeen ten minste 1 gawe. Belangrik: hierdie gawe is vir jou gegee om daarmee 'n verskil te maak in die gemeente, tot voordeel van ander. Ander het nodig dat jy jou gawe beoefen, maar jy het ook weer nodig dat ander hulle gawes gebruik, sodat jy daardeur geestelik bevoordeel kan word.

Ons het mekaar dus nodig; die een vind baat by die ander een wat sy/haar gawe in diens van God uitleef. In 1 Korintiërs 12 word dit so mooi gestel: “Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus“ (vers 12); en: “God het die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê” (vers 18). Lees gerus die hele perikoop (vers 12 – 31).

In ons gemeente is daar verskeie plekke waar jy met jou gawe(s) tot voordeel van ander diens kan lewer; dink bv aan die senior lidmate, kinders, jeug, gesinne, ens. Die wonderlikste is dat jy nie alleen diens hoef te lewer nie; nee, saam met die ander lidmate vorm jy die Here se kerk en saam met ander kan jy nog 'n groter verskil maak.

Hoe jammer dan dat ons dikwels geneig is om self iets te wil aanpak. Ons wil baie keer alles self doen, en dit terwyl die Here vir ons in 1 Kor 12 se 21ste, 25ste en 26ste vers leer: “Die oog kan nie vir die hand sê: “ek het jou nie nodig nie”, “die lede dra gelyke sorg vir mekaar”; en: “As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly”.

Mag die volgende legende nooit waar word in ons gemeente nie: die legende waarin vertel word van die ledemate van die liggaam wat onder mekaar begin mor het oor hulle bittere lot: hulle moet die ganse dag hard werk, en waarvoor? Om die luie maag wat self niks doen nie, van voedsel te voorsien! Toe staak hulle. Die voete het geweier om te loop, die hande om te werk. Die mond het nie meer gekou nie en.... en die maag het leeg gebly. Maar nouliks het 'n dag verloop, of al die lede begin ellendig voel; want as die maag geen voedsel ontvang nie, dan kry die ledemate ook geen bloed nie en word hulle siek.

Nee, mag dit eerder waar wees in ons gemeente dat ons al ons gawes saam gebruik om 'n hegte gemeente tot eer van God te vorm, tot opbou van mekaar en groei in geloof, en tot diens aan die gemeenskap en uitbou van God se koninkryk.

Ds Leon Tait



NS: Indien u nog onseker is watter gawe(s) u van God ontvang het, en waar u dit kan gebruik, woon gerus ons volgende **Netwerkkursus** by – dit gaan slegs 2 Dinsdagaande van u tyd neem: Dinsdagaand 17 Maart asook 24 Maart. Kontak gerus een van die leraars indien u dit wil bywoon.

Nuwe Intrekkers

Ds Ernst & Susan Richmüller



Christo, Magda & Inge
Theron


Laura Potgieter





Rocco & Estè Niewenhuis

Leon & Rina van Zyl



Roelof, Celèste, Zanice & Wium Vosloo

Welkom in NG Gemeente Rietfontein-Suid!

Manna-krag

Met U hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie (Ps 18:30)

Wat ook al hierdie week op jou pad kom, dit is net uitdagings of mure wat jy saam met God kan oorkom!

Dankie vir jou diens en toewyding al is daar dikwels hekkies wat jy moet oor. God glo in jou! Jy kan!

Sterkstaan! boeties en sussies.

Ds Leon van Heerden

Die Lig op my pad....

Here, ek staan beskaamd voor U. So dikwels laat ek toe dat swaarkry my onderkry. Dan sien ek geen lig, geen uitkoms, geen heenkome nie. My probleme oorheers my lewe, denke en emosies.. Ek is soos een wat oud is en swaar gebuk gaan onder lyding.

Ek lees U Woord, kry woorde van bemoediging, krag en troos, maar my probleem bly groot in my eie oë. Wanneer alles so donker is om my heen, lees ek: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad".

Ek staan in my skuld voor U. Ek lees U Woord verkeerd. Ek wil onmiddelik antwoorde hê; ek wil oombliklike oplossings hê, in plaas daarvan om U Woord as 'n wegwysers, as 'n ringtingwysers te sien. Dit vra onderwerping aan U, gehoorsaamheid aan U, want U wys die regte weg vir my aan. Vader, vergewe my dat ek so dikwels toelaat dat die duisternis van probleme U lig in my verdoof, sodat ek nie kan sien nie. Vergewe my, Heer, want ek weet dat geen duisternis die Lig kan uitwis nie.

Laat Jesus so in my lewe, dat my hele lewe verlig mag wees, ook my ongeloof, my sonde en swakhede, dat ek dit volgens U voorskrifte na U kan bring en sò verlos kan word, en in die lig kan lewe.

Dankie vir u groot liefde en genade.



Amen